

**3 Februarie**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 3:18-29 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium 3:24 (OAV)**

**God se grootheid in die geskiedenis te midde van hartseer**

Dit was 'n segetog vir Israel. Koning na koning is verslaan. Stad na stad is ingeneem wes van die Jordaan. Nou staan die volk op die grens om in te gaan. Hulle moes deurtrek om die beloofde land in besit te neem.

Maar daar is hartseer. Moses kon nie saam die beloofde land ingaan nie. Hy was ongehoorsaam. In plaas daarvan dat hy met die rots moes praat sodat God water kon gee, het hy dit in sy woede geslaan. Woede oor die murmurende volk. En toe die straf van God: Hy sal nie die beloofde land binnegaan nie. Hy kon die land net vanaf die berg Pisga sien. Onvervulde ideaal!

Maar hy kon tog God se grootheid beleef. Daardie tyd het elke volk sy eie afgode gehad. Die oorwinning oor 'n volk het ook beteken die oorwinning oor die God van daardie volk. Maar God het een na die ander oorwin. Dan staan daar lewensgroot die grootheid van God bo alle gode, bo alles in die geskiedenis. Dit kon hy aanskou. Dit kon Hy beleef soos God dit begin het. Daarvan sing hy in sy hart.

Verbroke ideale, maar sien tog God se grootheid in die lewe van sy volk se geskiedenis. In die lewe van 'n kerk se geskiedenis. In die stryd teen die bose bly God die God wat die oorwinning gee in Jesus Christus.

Christus aan die kruis. Daarin openbaar God sy ware grootheid en sy oorwinning. Die land van belofte lê nog voor vir sy gelowiges. Vir sy kerk. Deur ons sondes in hierdie lewe met sy teleurstelling en stryd kan ons gedurig juig in God se grootheid in die verlossing wat Hy bewerk het in Christus. God sal in die toekoms ook as die grote God sy beloftes waar maak in die geskiedenis van sy kerk. Hy bly sy verbond getrou!

*Ds AJ Coetsee (Emeritus)*

